

## ONS TESTAMENT VAN VOORSPOED VERANDER DIE EKONOMIE VAN JOU LEWE

14 November 2012, Ps Stephen Smith

**Moenie vir 'n skielike krisis of ramp skrik nie. Dikwels is dit net bedoel vir slegte mense wat nie die Here liefhet nie. Jy weet mos die Here is altyd by jou. Jy kan altyd op Hom vertrou. Hy sal jou beskerm.**

**Spreuke 3:25-26 (Boodskap)**

### **2 Konings 4:1-7**

Deur net Christelik te wees is geen waarborg vir finansiële Vryheid, sukses en welvaart nie.

### **Die speelveld van die lewe is nie gelyk nie**

**Wie van julle het die lewenswysheid om te verstaan hoe 'n mens die spel van die lewe sinvol en reg moet speel?**

**Jakobus 3:13**

**Markus 9:23; Wat dit betref—as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo. By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.**

**Markus 10:27**

### **In ekonomiese klasse is die reëls verskillend**

<sup>7</sup> **'n Belangrike reël vir die lewe is om meer en meer van die regte soort kennis in die hande te kry.**

<sup>8:10</sup> **My lewensreëls is baie meer werd as geld. Dit wat ek jou van die lewe wil leer, is baie kosbaarder as aardse skatte. <sup>22</sup> Voorskrifte vir die regte manier van lewe is baie oud.**

**Spreuke 4:7; 8:10, 22 (Boodskap)**

As jy nie weet wat die reëls is nie, sal jy nie weet wat die verskillende klasse is nie.

As jy op dieselfde reëls bly, sal die speelveld ook nie verander nie – jou keuse! Jy moet weet wat die reëls is.

#### **• Taal is 'n reël!**

**Daar is twee dinge waarsonder jy in hierdie lewe nie kan klaarkom nie. Een is 'n begeerte om reg te leef. Die ander is om te weet hoe om reg te praat en te doen.**

**Spreuke 3:21 (Boodskap)**

Mense wat in armoede en tekort vasgevang is gebruik ander taal as mense wat hulself bestuur.

**Wysheid sal jou van verkeerde dinge weghou en jou lewe verryk. Jy sal ook begin let op wat jy sê. Jy sal verstandig raak.**

**Spreuke 2:10 (Boodskap)**

Wyse mense gebruik taal, woordeskat om iewers uit te kom. God het die mense van die Toring van Babel se taal verwar en anders gemaak sodat hulle nie kon bereik wat hulle wou bereik nie.

#### **• Hoe jy Dink en Luister is 'n reël.**

**Wees versigtig wat jy dink. Jou denke kan jou lewe ingrypend beïnvloed. Vermoed dom praatjies en glibberige woorde.**

**Spreuke 4:23 (Boodskap)**

Hoe jy oor die reëls **voel** verander nie die spel nie, dit bly dieselfde. Baie mense minag wysheid – die reëls van die lewe omdat hulle verkeerd geluister het en nou voel hulle anders oor die spel.

- **Hoe mense hul Liggame gebruik is verskillend op die onderskeie vlakke van die lewe.**  
*Let mooi op hoe jy jou lewe inrig en kyk waarheen jy stap. Jou manier van leef bepaal jou geluk.*

**Spreuke 4:27 (Boodskap)**

Jou liggaam is die voertuig van jou verstand, jou denke. **Jou liggaam dra jou gees, destinasie en waardes.**

*h Belangrike reël vir die lewe is om meer en meer van die regte soort kennis in die hande te kry.*

**Spreuke 4:7 (Boodskap)**

- **Familie Strukture is verskillend op die speelveld van die lewe.**

<sup>3</sup> *h Gelukkige gesinslewe kom nie vanself nie. h Mens moet hard werk daarvoor. Dit is soos h huis wat jy bou. Alles moet netjies beplan word.* <sup>4</sup> **Baie dinkwerk is nodig om dit 'n lekker plek te maak. Fyn smaak is nodig om dit mooi te maak.**

**Spreuke 24:3, 4 (Boodskap)**

*Through skillful and godly Wisdom is a house (a life, a home, a family) built, and by understanding it is established [on a sound and good foundation], and by knowledge shall its chambers [of every area] be filled with all precious and pleasant riches.*

**Proverbs 24:3,4 (Amplified)**

**Kry eers h goeie werk voordat jy h huis bou. Verdien eers genoeg voordat jy met h gesin begin.**

**Spreuke 24:27 (Boodskap)**

- **Waardesisteme is verskillend op die speelveld van die lewe.**
- **Mentaliteit is verskillend op die speelveld van die lewe.**

Wat in die denke verander, verander oor tyd. As jou denke nooit verander nie, sal geld nooit die probleem oplos nie.

**Jy sal jou lewe bly terugtrek na die vlak van jou mentaliteit.**

*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.*

**Hebreërs 11:6**

Geloof plaas my in die "risiko" speelveld.

Die Voorspoed mentaliteit sien risiko as 'n geleentheid van potensiaal.

'n Mentaliteit van vooruitgang, saai, vrygewigheid en geloof in die Woord. Jou mentaliteit moet verander!

**Waarom is mense arm?**

- 1. Wanbestuur of rentmeesterskap**
- 2. Mentaliteit van geregtigheid**
- 3. Slagoffer mentaliteit**

#### **1. Wanbestuur of rentmeesterskap**

In feitlik elke gelykenis waar Jesus geleer het oor die koninkryk, het Hy verwys na mense wat dinge wanbestuur of nie goeie rentmeesters is van dit wat Hy aan hulle toevertrou het nie.

**Die punt is: Die duiwel kan nie jou goed besit as jy dit beter bestuur nie!**

*h Wyse mens het h fyn smaak. Hy ken die waarde van dinge en pas sy besittings mooi op. h Dom mens verwaarloos en vernietig alles.*

**Spreuke 21:20 (Boodskap)**

#### **2. Mentaliteit van geregtigheid**

'n Mentaliteit van: "Niemand behandel my billik en regverdig nie". Staan altyd agter in die ry. Die wêreld skuld my alles.

### 3. Slagoffer mentaliteit

*Niemand sit my in die poel van Batesda nie. Ek is hier a.g.v. omstandighede. Ek het nie hiervoor gevra nie.*

- **Oorvloed begin met beheer.**

Ek glo hierdie is een van die redes waarom ons Eerste Vrug en Tiende die fondasie van oorvloed is, want dit sê jy is in beheer van jou finansies en jy het God die Heer van dit gemaak. Jy kan nie finansiële oorvloed ervaar as jy nie eens 10% daarvan kan beheer nie.

**Begroting** is rentmeesterskap en verantwoordelikheid. **Heerskappy** is oorwinning oor Mammon.

- **Geld verwissel altyd tussen hande.**

*Iemand wat verstandig met sy geld werk se kleinkinders sal nog eendag daarvan erf. Selfs goddeloses se geld beland dikwels in die hande van gelowiges.*

**Spreuke 13:22 (Boodskap)**

*A good man leaves an inheritance [of moral stability and goodness] to his children's children, and the wealth of the sinner [finds its way eventually] into the hands of the righteous, for whom it was laid up (Amplified).*

### Situasie tekort en Generasie tekort

*Situasie tekort* vind plaas a.g.v. iets wat gebeur het. Partykeer buite ons beheer en somtyds a.g.v. iets wat ons nie kon voorsien nie, jy het nie geweet dit gaan gebeur nie en dit bring jou in 'n situasie van tekort. MAAR! Wanneer daar nie behoorlik met 'n situasie tekort afgereken is nie, verander dit in 'n *generasie tekort*.

Dit verg dat daar 'n vernuwe van denke (mentaliteit) moet plaasvind om sodoende van een vlak van die speelveld na die volgende beweeg kan word.

**En hy sê: Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie.**

**ḥ Mooi lewe kan deur dom optrede vernietig word. Dis soos Wysheid wat 'n mooi huis met moeite bou. Dan kom Dwaasheid en breek dit af.**

**Spreuke 14:1 (Boodskap)**

**Dis beter om eenvoudig te leef as om vrot van die skuld te wees. Dis beter om ḥ meer beskeie huis te hê as 'n ryk lewenstyl en heelyd hongers te wees.**

**Spreuke 12:9 (Boodskap)**

**Gaan leen vir jou van buite af kanne, leë kanne van al jou bure; leen nie te min nie. Gaan dan in en sluit die deur agter jou en jou seuns toe, en giet in al daardie kanne en sit weg wat vol is.**

**Daarop kom sy om dit die man van God te kenne te gee; en hy sê: Gaan verkoop die olie en betaal jou skulde; van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.**

Die motivering agter hierdie leen was om uit skuld te kom. Daar rus 'n seën op mense wat sonder skuld leef, dit is die doel hier. **Van die orige kan jy en jou seuns dan lewe.**

Hierdie vrou het dit wat 'n *situasie tekort* was gestop dat dit nie sodoende 'n *generasie tekort* word nie.

Ons is besig om orde te bring in hierdie generasie, en ons gaan nie toelaat dat vorige sondes en dwase optrede ons weerhou van God se beste vir die NOU SEISOEN NIE! Hierdie is 'n seisoen van nuwe wyn, en dit verg nuwe wysakke om dit te vul. Die oue is verby, die nuwe het gekom